HJS PAARL BHS
COVID-19-maatreëls 2020

Skoonmaakplan

Fase 1

Vanaf 13 Mei 2020: SBS en nie-KS-opvoeders (admin- en skoonmaakpersoneel) keer terug skool toe.

- Alle kantore, badkamers, klasse, gange en trappe word skoongemaak.
- Biblioteek, personeelkamer, saal en ontvangslokaal word skoongemaak.
- Kantore, ontvangslokaal en badkamers word hierna daagliks skoongemaak.
- Koshuise word deurlopend skoongemaak.

Fase 2

Vanaf 25 Mei 2020: KS-opvoeders keer terug skool toe.

- Daaglikse skoonmaak van kantore, ontvangs, badkamers, gange, trappe, biblioteek en personeelkamer.
- Klasse: Onderwyser se tafel, stoel en werksoppervlaktes word met ontsmetmiddel skoongemaak.

Fase 3

Vanaf 1 Junie 2020: Matrieks keer terug skool toe.

- Daaglikse skoonmaak van kantore, ontvangslokaal, badkamers, gange, trappe, biblioteek, personeelkamer.
- Tydens pouses word die getal onderwysers op terreindiens na 6 lede uitgebrei.
- Leerders kry opdrag om sosiale afstand te handhaaf en nie in groepies te vergader nie.
- Badkamers word van die volgende voorsien:
  - Seep
  - Handontsmetmiddel
  - Papierhanddoekrol
- Klaskamers, ontvangs en kantore word voorsien van handontsmetmiddel.
- Sodra skool ’n aanvang neem, word dit daagliks ná 16:00 skoongemaak.
- Alle werksoppervlaktes moet daagliks skoongemaak word.
- Alle toilette, die studiesaal en die eetsaal word as hoërisikogebiede geïdentifiseer en sal spesiale aandag kry.

Sosiale-afstandplan

1. Buitemuurse musiekonderrig sal nie kan voortgaan op HJS se skoolterrein nie.
2. Leerders sal gemaan word om nie tydens pouses in groepe te kuier nie. Terreintoesig sal uitgebrei word na 6 personeellede per pouse.

Higiëneplan

1. Geen buitepersone (ouers, aflewerings, ens.) mag die skoolterrein binnekom nie.
2. Daar sal permanent tussen 07:00 en 16:00 ’n werker in ’n mobiele ADT-kantoor by die hoofhek wees.
3. Dié werker sal radiokontak hê met Hennie Carstens wat sal seker maak dat boekaflewerings deur HJS-personeel boekstoor toe geneem word, BoisShoppe-produkte na die BoisShoppe, ens.
4. Ouers wat die BoisShoppe moet besoek, sal slegs volgens afspraak die winkel besoek en wel by die krieketnettehek inkom.
5. Volgens WKOD mag geen buite- snoepiepersoneel op die terrein kom nie. ’n Voorstel is dat die Bemarkingskantoor die snoepie oorneem vir die voorgeskrewe periode.
6. Afvoerplan: Indien ’n persoon se koors te hoog meet (38 °C of hoër) by enige van die metingspunte, gebeur die volgende:
   6.1 Indien personeel, moet hulle onmiddellik huis toe gaan en hulle laat toets. Indien die toets skoon is, kan die personeellid terugkom werk toe. Indien ’n koronageval, word WGO-maatreëls gevolg.
   6.2. Indien ’n leerder se koors te hoog is, skuif ons die leerder na die kwarantynlokaal (twee toilette agter die saal) en sy ouer kom haal hom.

6.3 Indien dit ’n koshuisleerder is, skuif die leerder eers na die koshuis se kwarantynsentrum, nl. Werda se 4 *gap*-kamers waar die leerder en moontlik sy ouers kan oornag indien nodig. Tertia sal steeds die leerder onmiddellik vir toetse neem.

7. Alle matrieks word voorsien van 2 handelsmerkmaskers.
8. Geen verdere funksies word by Brugstraat, die krieketklubhuis of die skoolsaal aangebied nie.
9. Alle aflewerings aan die koshuis word steeds van Pontacstraat se kant af gedoen.
10. Dr Johan Joubert sal op 29 Mei ons fasiliteite kom afteken.
11. Handontsmetmiddel sal oral beskikbaar wees.
12. Twee persone sal die seuns op pad na die eetsaal bespuit.
13. Maskers sal verpligtend wees.
14. Koshuisleerders sal op gereelde basis hul eie maskers moet was.
15. Werkers en personeel betaal vir hul eie maskers.
16. Die matrieks kry elkeen twee geborgde handelsmerkmaskers.
17. Koshuisleerders se ouers sal teen die Donderdagaand ’n toestemmingsbrief aan die koshuisvader stuur indien leerders vir ’n naweek elders as na hul eie huis toe gaan.
18. Koshuisleerders word per kamer dieselfde hanteer as ’n huisgesin.

Siftingsplan (*Screening*)

1. HJS het reeds 20 termometers aangekoop wat binne 5 werksdae hier sal wees. Ons bestaande twee termometers word gebruik vir die adminpersoneel en koshuispersoneel.
2. Alle kombuispersoneel word by Jean-Marie/Tertia getoets soos hulle inkom. Jean-Marie sal soggens al 06:00 daar wees vir die eerste skof.
3. Elke koshuisvader is daarvoor verantwoordelik om sy eie personeel en leerders elke oggend voor ontbyt en weer saans na aandete te laat sif. Die dag se siftingsverslae word daagliks by Jurika geliasseer.
4. Die adminpersoneel (ingesluit Bemarking, Finansies, Sport) het ’n lêer per dag per maand by Uschi in haar kantoor waar personeellede heel eerste soggens hulle koors laat meet en die dagvorm voltooi. Uschi sal vanaf 06:30 soggens beskikbaar wees.
5. Die onderwyspersoneel se lêer is by Jurika by Ontvangs. Mari sal alle fone hanteer terwyl Jurika die onderwysers inteken. Dieselfde aksie vind daar plaas. Jurika sal van 06:30 af soggens beskikbaar wees.
6. Jurika en Uschi kontroleer elke oggend na afloop van inteken wie uitstaande is en kontak dié persoon/persone. Uitdagings sal deurgegee word aan die hoof van die Kiempolisie, Hennie Carstens.
7. Leerders word in die registerklasse deur die registeronderwysers geskandeer sodat ons gerat is vir reën- en niereëndae.
8. Alle terreinpersoneel word soggens heel eerste by Hennie Carstens getoets en die Brugstraat-werkers by Johan Swart. Beide verslae van die dag moet ook by die skool geliasseer word.
9. Indien die personeellid oor ’n mediese fonds beskik, kan die toets by Pathcare gedoen word. Indien die personeellid nie oor ’n mediese fonds beskik nie, sal hulle volgens afspraak by Paarl hospitaal getoets word.
10. Senior bestuur vergader voortaan reeds om 07:00 en personeel om 07:15 om voorsiening te maak vir die ekstra tyd wat nodig is om al die leerders elke oggend te sif.

Kommunikasieplan

1. Die skoolhoof sal spoedig ’n brief aan alle koshuisouers rig, wat op Communicator gelaai sal word.
2. Dit sal op dieselfde manier aan die dagskoliere oorgedra word.
3. Ons het die Boishaai-familie reeds deurlopend dmv die grendeltyd- saalbyeenkomste asook kort videoboodskappe van mnr Swart ingelig probeer hou van die konstante veranderende scenario’s.
4. Op Woensdag 13 Mei is alle adminpersoneel, skool- en koshuiswerkers deur mnre Swart en De Vries ten volle ingelig tydens ’n sessie in die skoolsaal.
5. Daar is 40 gelamineerde plakkate met die simptome van Covid-19 asook alle nood- kontaknommers in die skool en ook die koshuise opgesit.
6. Matrieks en hul ouers ontvang ‘n spesiale brief voor hulle terugkeer na die skool op 1 Junie wat mooi uiteensit wie, wat, waar, hoe en wanneer.
7. Bg word opgevolg met ‘n spesiale video vir die doel.